



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

R1,00 Prys • Price
R0,10 Plus 10% BTW • VAT

R1,10 Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

Vol. 324

KAAPSTAD, 12 JUNIE 1992

CAPE TOWN, 12 JUNE 1992

No. 14042

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1598.

12 Junie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die waarnemende Staatspresident sy goedkeuring gegee het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 75 van 1992: Wet op Ongemagtigde Uitgawes (Volksraad), 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1598.

12 June 1992

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 75 of 1992: Unauthorized Expenditure Act (House of Assembly), 1992.

WET

Om sekere ongemagtigde uitgawes uit die Inkomsterekening: Volksraad te magtig.

*(Afrikaanse teks deur die waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 3 Junie 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Bestryding van ongemagtigde uitgawes ten aansien van Landbou-ontwikkeling uit Inkomsterekening: Volksraad

1. (1) Die Inkomsterekening: Volksraad word hierby belas met die bedrag van R259 716,71 tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die boekjaar wat op 31 Maart 1990 geëindig het ten opsigte van die begrotingspos Landbou-ontwikkeling (Begrotingspos No. 2). 5

(2) Die uitgawes in subartikel (1) bedoel, word nader omskryf in paragraaf 8(1), op bladsy 5, van die Verslag van die Ouditeur-generaal oor die Appropriasie- en Diverse Rekenings ten opsigte van die Administrasie: Volksraad vir 1989-90 [RP 84/1991], wat aan die Volksraad voorgelê is, en in die Verslag van die Raadskomitee oor Openbare Rekenings: Volksraad, 1991. 10

Bestryding van ongemagtigde uitgawes ten aansien van Onderwys en Kultuur uit Inkomsterekening: Volksraad

2. (1) Die Inkomsterekening: Volksraad word hierby belas met die bedrag van R1 330,27 tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die boekjaar wat op 31 Maart 1990 geëindig het ten opsigte van die begrotingspos Onderwys en Kultuur (Begrotingspos No. 3). 15

(2) Die uitgawes in subartikel (1) bedoel, word nader omskryf in paragraaf 8(2), op bladsy 5, van die Verslag van die Ouditeur-generaal oor die Appropriasie- en Diverse Rekenings ten opsigte van die Administrasie: Volksraad vir 1989-90 [RP 84/1991], wat aan die Volksraad voorgelê is, en in die Verslag van die Raadskomitee oor Openbare Rekenings: Volksraad, 1991. 20

Kort titel

3. Hierdie Wet heet die Wet op Ongemagtigde Uitgawes (Volksraad), 1992. 25

ACT

To authorize certain unauthorized expenditure from the Revenue Account: House of Assembly.

*(Afrikaans text signed by the Acting State President.)
(Assented to 3 June 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Defraying of unauthorized expenditure with regard to Agricultural Development from Revenue Account: House of Assembly

- 5 **1.** (1) The Revenue Account: House of Assembly is hereby charged with the amount of R259 716,71 to defray certain expenditure over and above the amount appropriated for the financial year which ended on 31 March 1990 in respect of the vote Agricultural Development (Vote No. 2).
- 10 (2) The expenditure referred to in subsection (1) is more fully described in paragraph 8(1), on page 5, of the Report of the Auditor-General on the Appropriation and Miscellaneous Accounts in respect of the Administration: House of Assembly for 1989-90 [RP 84/1991], which has been submitted to the House of Assembly, and in the Report of the House Committee on Public Accounts: House of Assembly, 1991.

15 **Defraying of unauthorized expenditure with regard to Education and Culture from Revenue Account: House of Assembly**

- 20 **2.** (1) The Revenue Account: House of Assembly is hereby charged with the amount of R1 330,27 to defray certain expenditure over and above the amount appropriated for the financial year which ended on 31 March 1990 in respect of the vote Education and Culture (Vote No. 3).
- 25 (2) The expenditure referred to in subsection (1) is more fully described in paragraph 8(2), on page 5, of the Report of the Auditor-General on the Appropriation and Miscellaneous Accounts in respect of the Administration: House of Assembly for 1989-90 [RP 84/1991], which has been submitted to the House of Assembly, and in the Report of the House Committee on Public Accounts: House of Assembly, 1991.

Short title

- 3.** This Act shall be called the Unauthorized Expenditure Act (House of Assembly), 1992.

